Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Gavin de Bruyn/Tamaryn Petersen**
Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut
(EDULIS ingesluit)
Gavin.deBruyn@westerncape.gov.za | 021 900 5053
Tamaryn.Petersen@westerncape.gov.za | 021 900 5035

Lêerno.: 23/2/8/1/ NTA 2023
Verwysing: 20230607-5216

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0004/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van subdirektorate en afdelings by Hoofkantoor, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, Kringbestuurders, Vakadviseurs, Prinsipale van openbare skole, Hoofde van geregistreerde graad R-sentrums en Voorsitters van beheerliggame by openbare skole

**Onderwerp: Die Nasionale Onderwystoekennings vir 2023**

1. Die nasionale onderwystoekennings erken uitnemendheid en hoë vlakke van professionalisme en gee vir die onderwysgemeenskap die geleentheid om die prestasies van buitengewone onderwysers te vier deur die kollig op die uitsonderlike werk wat deur onderwysers gedoen word, te plaas.

2. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) is dus trots om die 23ste jaarlikse provinsiale toekenningseremonie aan te bied en die gasheer daarvan te wees. Hierdie geleentheid word beplan om op **25 Augustus 2023** plaas te vind, 'n geleentheid wat die 23ste jaarlikse seremonie van die nasionale onderwystoekennings voorafgaan.

3. 'n Elektroniese weergawe van die nominasie- en inligtingsgids (*Nomination and Information Guide*), wat die nominasievorms en kwalifiserende kriteria bevat, kan verkry word by https://wcedonline.westerncape.gov.za/national-teaching-awards. Aangesien geen drukstukke verskaf sal word nie, moet skole die tersaaklike dokumente via hierdie skakel aflaai.

4. Alle onderwysers, beheerliggame en distriksamptenare word uitgenooi om nominasies, wat op die kriteria in die nominasie- en inligtingsgids gebaseer is, by hul prinsipale of sentrumbestuurders in te dien.

5. Verdienstelike onderwysers kan in die volgende 14 kategorieë genomineer word:

- Uitnemendheid in graad R-onderrig
- Uitnemendheid in Laerskoolonderrig (Graad 1 tot 7)
- Uitnemendheid in Laerskoolleierskap
- Uitnemendheid in Hoërskoolonderrig (Graad 8 tot 12)
- Uitnemendheid in Hoërskoolleierskap
- Uitnemendheid in Onderrig vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes
- Uitnemendheid in Skoolleierskap in Skole vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes
- Uitnemendheid in Onderrig van Wiskunde (AOO)
- Uitnemendheid in Onderrig van Wiskunde (VOO)
- Uitnemendheid in Onderrig van Natuurwetenskappe
- Uitnemendheid in Onderrig van Fisiese Wetenskappe
- Uitnemendheid in Tegnologie – Verrykte Onderrig en Leer
- Toekenning vir Beste Onderwyser
- Kader Asmal-toekenning vir Lewenslange Prestasie

6. Slegs onderwysers, d.w.s. prinsipale, adjunkprinsipale, onderwysers, beraders en sielkundiges by openbare skole vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes mag inskryf vir die kategorie, Uitnemendheid in Onderrig vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes en die nuwe kategorie, Uitnemendheid in Skoolleierskap in Skole vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes. Verwys asseblief na paragraaf 11.1.11, 11.1.12 en 11.1.13 (bladsy 55) van die nominasie- en inligtingsgids vir meer duidelikheid oor hierdie kategorieë.

7. Prinsipale en sentrumbestuurders word versoek om die voltooide nominasievorms na die volgende e-posadres te stuur: nta2023@wced.info

8. Verwys asseblief na **Bylae A** en die **Kontrolelys** vir besonderhede oor die voorlegging van nominasievorms en die gevolglike beoordelingsproses.

9. Indien u verdere inligting verlang, kom asseblief in aanraking met die toepaslike distrikskoördineerder in die lys hieronder:

| Distrik | Distriks-koördineerder(s) | Tel. | E-posadres |
|---|---|---|---|
| **Metro-Noord** | Mnr. Owen Weeder | 021 938 3174 | Owen.Weeder@westerncape.gov.za |
| **Metro-Sentraal** | Me. Lesley Hutchings | 021 514 6945 | Lesley.Hutchings@westerncape.gov.za |
| **Metro-Suid** | Me. Genine Erfort | 079 526 9264 | Genine.Erfort@westerncape.gov.za |
| **Metro-Oos** | Mnr. Craig Paulsen | 021 900 7035 | Craig.Paulsen@westerncape.gov.za |
| **Weskus** | Me. Janine Adonis | 021 860 1208 | Janine.Adonis@westerncape.gov.za |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Kaapse Wynland** | Mnr. Bertram Jacobs | 021 348 0633 | Bertram.Jacobs@westerncape.gov.za |
| **Overberg** | Mnr. Edward Kies | 084 583 5008 | Edward.Kies@westerncape.gov.za |
| **Eden & Sentrale Karoo** | Me. Yolande Damons | 044 803 8344 | Yolande.Damons@westerncape.gov.za |
| **Provinsiale kantoor (KOLI)** | Mnr. Gavin de Bruyn | 021 900 5053 | Gavin.deBruyn@westerncape.gov.za |
| | Me. Tamaryn Petersen | 021 900 5035 | Tamaryn.Petersen@westerncape.gov.za |

10. Genomineerdes word versoek om hulself met die kriteria en proses vir beoordeling vertroud te maak.

11. 'n Stapsgewyse gids in videoformaat is op die webblad van die nasionale onderwystoekennings gelaai om onderwysers/skole te help om die nominasievorms korrek te voltooi. Die video kan via die volgende skakel verkry word: https://wcedonline.westerncape.gov.za/national-teaching-awards

12. Om wenners op provinsiale en nasionale vlak te kies, sal van genomineerdes verwag word om 'n aanbieding (PowerPoint of plakkaat) oor die algemene sowel as die spesifieke kriteria voor te lê en die aandag te vestig op hul werk wat vir hierdie gesogte toekenning oorweeg moet word. Dit sal dien as die finale onderhoud om die provinsiale en nasionale wenners te bepaal.

13. Hoogstens vyf onderwysers per kategorie kan 'n span vorm.

14. Alle nominasievorms moet teen die sluitingsdatum op **24 Julie 2023** by die Direktoraat: Kaapse Leierskap- en Onderriginstituut ingedien word.

15. Die volgende datums dien as belangrike riglyne om die sukses van die 2023-proses te verseker:

| Nr. | Aktiwiteit | Datum |
|---|---|---|
| 1 | Nominasies sluit | **24 Julie 2023** |
| 2 | Provinsiale beoordelingsproses | 31 Julie – 04 Augustus 2023 |
| 3 | Provinsiale toekenningseremonie | 25 Augustus 2023 |
| 4 | Nasionale beoordelingsproses | 03 – 08 September 2023 |
| 5 | Nasionale toekenningseremonie | 05 Oktober 2023 |

16. Kandidate op die kortlys sal die geleentheid kry om hul onderhoude en aanbiedinge persoonlik by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut aan te bied.

17. Provinsiale naaswenners en wenners sal pryse wat deur die WKOD bepaal is, ontvang.

18. Die nasionale onderwystoekennings word deur die provinsiale Minister van Onderwys, Hoof van Onderwys, vakbonde en beheerliggaamverenigings ondersteun.

19. Alle lede van die skoolgemeenskap word aangemoedig om aan die nominasie van verdienstelike onderwysers vir die nasionale onderwystoekennings deel te neem.

20. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderrigpersoneel.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-06-12